Dis dalk tyd om te erken: Die nee-stemmers wás toe reg

Hannes Terblanche van Potchefstroom skryf:

Ek onthou nog goed die stellings en sienings van die "nee-stemmers" in 1992 se referendum waarin jy "Ja" of "Nee" vir transformasie kon stem.

Ek was as 'n politieke wetenskaplike oortuig dat die nodige gedoen sou word om wit Suid-Afrikaners en al die ander inwoners van die land se regte op die een of ander manier te beskerm. Ons was oortuig dat die Suid-Afrikaanse ekonomie te sterk is en dat al ons regte en voorregte in die nuwe Grondwet vervat sal word.

Die "nee-stemmers" se voorspellings was onder meer:

- Suid-Afrika gaan net nog 'n wanbestuurde Afrikastaat word;
- Die hele spektrum van dienslewering gaan in duie stort;
- Die staatskas gaan geplunder word;
- Wit Suid-Afrikaners gaan orals verdruk en uitgedruk word;
- Wit Suid-Afrikaners gaan ontwapen word;
- Misdaad gaan die hoogte inskiet;
- Die ANC gaan net vir sy kaders sorg;
- Die Afrikaner-kultuur gaan vernietig word; en
- Persvryheid gaan ingeperk word.

Nou, in 2015, lyk dit asof al die voorspellings van die "nee-stemmers" op skouspelagtige wyse waar gaan word, selfs nog in erger mate as wat voorspel is.

Dit wil vandag voorkom asof bedrog en rampokkery vir die huidige regering niks anders as net goeie besigheid beteken nie. Hulle is soos 'n rowerbende wat die staatskas na willekeur plunder.

Die onbevoegdheid van die meeste staatswerkers is skreiend en hulle sit daar agter groot lessenaars met die grootste arrogansie en niks doen nie, en ontvang hul salaris aan die einde van die maand sonder 'n grein skaamte.

Ek braai nou een aand saam met studente, almal ná 1992 gebore, en kom tot die gevolgtrekking dat rassekonflik vandag erger is as in 1992 en ek voorspel dat die dag wanneer die grootste rots in die see weggekalwe is deur sand en water – daardie dag gaan hierdie oeroue konflik dalk stop.

Moet ons nie maar ons koppe laat sak en sê of erken dat die "nee-stemmers" op die ou end tog reg was nie?